NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 18 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Tekkie Tax

Het jy al "tax" betaal vir 2017? Nee, nie daai soort "tax" nie . . . ek praat van jou Tekkie Tax!

Nasionale Tekkie Tax Dag is op Vrydag, 26 Mei 2017

'n Groep van ons land se grootste, kleinste en mees betroubaarste welsynsorganisasies het kragte saamgesnoer om saam een GROOT fondsinsamelingsprojek te organiseer. NG Welsyn is deel van die meer as 1000 welsynsorgansasies wat deelneem. Maak 'n verskil en koop jou:

- Plakker = R10
- Tekkie Tag skoenveters = R35 (BTW en plakker van jou keuse ing.)
- T-hemp (Kiddies) = R75
- T-hemp (Volwassene) = R95

Kry wat jy nodig het by jou naaste welsynskantoor of tehuis van NG Welsyn. Vir volledige lys van NG Welsyn kantore en tehuise, klik op ons webwerf by: http://www.ngkgoudland.org.za/ons.html en kyk onder **2.8 Diens van Barmhartigheid.**

KOM ONS BID SAAM

Gebed vir SA met Hemelvaart gevra

Gemeentes word versoek om op **Hemelvaart, Donderdag 25 Mei**, (indien moontlik tussen 12:00 en 14:00) gebedsgeleenthede te hou waar vir die uitdagings van Suid-Afrika en die kontinent Afrika gebid kan word. 25 Mei is ook Afrikadag.

Die gebedsgids '*Soak our country in prayer*' nou ook in Afrikaans beskikbaar

Die gebedsgids wat die NG Kerk saam met die SARK ontwikkel het, is ook nou in Afrikaans beskikbaar by die volgende skakel: www.resources.christians.co.za

Hierdie gids bied 'n wonderlike geleentheid aan gemeenskappe om gesamentlik vir 'n moeilike tyd in ons land te bid.

Gebedsinisiatief wil die hele Suid Afrika betrek met Hemelvaart (25 Mei) en die tien dae van Pinkster (tot 4 Junie)

By die onlangse geslaagde en geskiedkundige gebed saamtrek digby Bloemfontein het nagenoeg een miljoen gelowiges saamgetrek. Suid Afrika se bevolking tel ongeveer 55 miljoen waarvan die oorgrote meerderheid getuig dat hulle Christene is.

"Christene doen twee dinge in besonder" vertel ds. Jannie Pelser, organiseerder van ***sapray***. "Hulle lees Bybel en hulle bid. Nou word alle gelowiges opgeroep om veral in die lig van die buitegewone uitdagings wat tans in Suid Afrika beleef word saam te bid vir uitkoms en genesing.

Die onderskeidende van hierdie gebedsoproep is onder andere die verteenwoordigende aard daarvan. Diversiteit is aan die orde van die dag maar gebed bind ons in eenheid saam.

Daarbenewens word Christene opgeroep om offervaardig te bid. Die bedoeling daarmee is dat daar daagliks gebid word waar gelowiges hulself bevind.. by die kantoor, in die klaskamer, lesinglokaal, besigheid, gimnasium, gemeente.

Ook saam met die petroljoggie of persoon wat die ete by die restaurant bedien. Bid saam met jou huishulp en tuin argitek en omgekeerd. Mag Suid Afrika tot stilstand kom as daar gebid word. Die tydsgewrig vra dit van ons. Lees verder...

Bid vir Suid-Afrika

CLF het in positiewe reaksie op die woelinge in ons mooie land besluit om weer hierdie pragtige versoening gebedsgids vir ons land, onder gelowiges se aandag te bring. Dit is nie meer beskikbaar in gedrukte vorm nie, maar kan afgelaai word vanaf Christelike Lektuurfonds se webblad. Ons mag nie vergeet dat God altyd in beheer is en dat ons vir ons land en sy leiers moet bid nie.

Laai hierdie wonderlike boek gratis af en stap saam op 'n 40-dae reis om God se koninkryk te help vestig in Suid-Afrika. http://bit.ly/2nKMiRv

---

PINKSTER

Kinderpinksterreeks

Gee my 'n G.-E.-E.-S! Het jy nog nie 'n reeks vir Kinderpinkster nie of is jou inspirasie dalk min?

Hier is 'n reeks met agt sessies wat afsonderlik vir bv Pinkstersondag of Pinksterfees gebruik kan word; as 'n geheel (soos benodig word) of om jou huidige reeks aan te vul. Elke sessie het voorstelle vir 'n inleidende speletjie, boodskap, 'n gratis poppekas-video wat by elke sessie pas, en 'n vaslê-kunsaktiwiteit. Die reeks sal teen Vrydag 19 Mei by hierdie skakel wees en die poppekas-videos sal teen Sondag 21 Mei beskikbaar wees. (met dank aan VrydagNuus)

Pinkster: Preekreeks of kamp met vyf Sessies

Anriëtte de Ridder (PSD: Jeug- en Familiebegeleiding) deel ook graag haar Tienerpinksterreeks.

Die reeks bevat vyf sessies en sluit aan by die #imagine tema van 2017, maar herhaal dit nie. Dit kan enige tyd

van die jaar gebruik word en bevat vyf preekriglyne met gebedstasie-idees en grootgroepspeletjies by elk. Dit kan ook maklik gebruik word vir 'n kamp. Besoek gerus DinkJeug se Facebook-blad. (met dank aan Vrydag-Nuus)

Tienerpinkster: Hier is Hulp

Die Taakspan Jeug- en Familiebediening stel 'n paar Pinksterhulp-bronne bekend vir gemeentes waar tieners reeds met eksamen begin het of nie 'n spesifieke reeks vir tieners beplan word nie. Waar dit moeilik is om Pinkster by te woon, kan dit help om jongmense te bedien met hulpbronne om waar hulle is - by die huis, die koshuis, selfs die skool - tydens Pinkster die uitstorting van die Gees te vier, te oordink en te bid vir 'n vars uitstorting van die Gees ook waar hulle is.

Op dinkjeug se webwerf en Facebook bladsy sal daar tussen Hemelvaart en Pinkstersondag daagliks temas verskyn wat oor die Heilige Gees en sy werk gaan. Lees hier meer. (met dank aan VrydagNuus)

REFORMASIE 500

Vrygemaak... daarom is ons goed genoeg

Luther maak die stelling dat hy sy hele lewe vir die Here afgesonder het, maar tog het skuldgevoelens hom menigmaal beetgepak. Dan kom die besef dat geregtigheid nie iets is wat verwerf word nie, maar eerder ? passiewe geregtigheid – 'n geskenk van God. En dit word sy grondslag waarop hy sy verstaan van die teologie bou!

Hy ontvang op hierdie manier 'n nuwe identiteit – begenadigde!

Bestel gerus hierdie pamflet vir julle gemeente en loop saam met Christelike Lektuurfonds die Reformasie-pad van vrymaking gedurende 2017. Januarie tot Mei se pamflette is ook nog beskikbaar indien julle dit misgeloop het.

Vir bestellings en navrae skakel 021 8736964 of stuur 'n e-pos na order@clf.co.za. Die pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za of deur CLF se gratis slimfoon-toep.

ANDER NUUSBROKKIES

Eerstehandse getuienis oor staatskaping skok SA Raad van Kerke

Die SA Raad van Kerke (SARK) het 'n aanlyn "unburden panel" geskep waar mense wat genader is oor korrupsie en staatskaping eerstehands kan vertel oor wat gebeur het. Die SARK het hierdie fasiliteit geskep nadat bekend geword het hoe Mcebisi Jona R6-miljoen aangebied is om staatsbates onregmatig te vervreem.

Die SARK het op 18 Mei 2017 terugvoer oor die informasie wat so bekom is, gegee. Kyk hier na die Youtube-video wat die volle terugvoer weergee.

Die verslag gee verdoemende terugvoer oor hoe die staat deur individue gekaap is met die oog op selfverryking. Dit vertel van druk wat op amptenare geplaas is om geld onregmatig aan individue uit te betaal. Dit blyk duidelik dat sentrale beheer deur 'n magtige elite rondom die staatspresident uitgeoefen word om staatsbates tot eie voordeel aan te wend.

Daar is 'n doelbewuste strategie om die beheer van staatsmaatskappye af te swak, sodat die bates bekom kan word. Lees hoe independent Online hieroor verslag doen.

Volgens die SARK het sommige persone anoniem die fluitjie geplaas, terwyl ander hul identiteit bekendgemaak het. (met dank aan Grenspos)

Beurse En Lenings – NG Kerk Vrystaat

Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die 2018 studiejaar, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2017. Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Danielle Theron by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan studente@ngkvs.co.za. **LET WEL**, hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld. (met dank aan Vrypos)

BYBEL MEDIA

Lees in die Kerkbode van 19 Mei...

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Lydenburg se saad val in goeie grond

In Kerkbode van 19 Mei kan 'n mens lees oor die hofsaak oor godsdiens in skole, oor die nuwe moontlikheid vir eenheid in die NG Kerkfamilie, oor die Vrystaatse jeugkongres en oor verskeie geleenthede wat met Andrew Murray verband hou.

Daar is 'n verhaal van 'n jong gelowige wat met vlieë boer uit besorgdheid oor God se aarde en een oor 'n man wat blinde kindertjies leer hoe om met hulle wit kieries in die openbaar reg te kom.

Lees oor 'n kunswerk oor die hemelvaart en oor 'n ander kunswerk wat by die Kweekskool op Stellenbosch opgerig is.

Prof Cas Wepener gesels oor sy skryfwerk en dr Frits Gaum oor die kerk en die hof.

Die Junie-uitgawe van LiG vertel van ...

Ons vier Pinksterdag op 4 Junie, en in dié uitgawe van LiG brand ons vreugdevuur hoog, want "die Gees wat God ons gegee het ... vul ons met krag en liefde en selfbeheersing" (2 Tim 1:7)

In die Junie-uitgawe vertel Minki hoe die pad na haar hart loop. Die opera-ster, Pretty Yende, gesels eksklusief met LiG. En die ma van 'n blinde seuntjie vertel hoe hy vir haar 'n bril van hoop geword het.

Ons gee raad vir daardie vurige kind van jou en hoe om in elke seisoen van jul huwelik die liefdesvlam hoog te laat brand. Lees ook van al die goeie redes waarom kinders buite moet speel.

Het jy al ooit gewonder watter woorde eer God? En waarom dit belangrik is om deel van 'n gemeenskap van gelowiges te wees? Lees hieroor in LiG.

Nuut in LiG! Milanie Vosloo skryf oor stilwees en Lizette Murray oor gesinsake.

Jongste Bybelkor-publikasies ...



Cultivating missional change - Editors: Coenie Burger, Frederick Marais and Danie Mouton

Cultivating missional change reflects extensively on developments in the broad missional movement since the publication of the seminal book Missional church (1998). Purposely looking backwards, it endeavours to discern the way forward for missional theology and missional churches.

This publication is the outcome of a conference on the future of missional theology and missional churches, held in 2015 in Stellenbosch, South Africa.

Price: R390,00 (VAT and postage included). Is Maandag 15 Mei bekendgestel.

Kreatiewe kopskuif ... Heleen Meyer



Kreatiewe kopskuif is 'n leefstylgids met 'n verskil. Daar is 90 handgetekende sketse, elk met 'n kosgedagte waaroor jy kan nadink en 'n praktiese wenk of stukkie raad om te volg terwyl jy jou eerste treë na 'n gesonde leefstyl en kreatiewe kopskuiwe gee.

Om in te kleur is terapeuties. Terwyl jy die handgetekende sketse geniet, dink na oor hoe jy 'n gesonde leefstyl 'n langtermyn-doelwit en lewensgewoonte kan maak. Rig jou gedagtes op iets mooi en kreatief en wees konstruktief terwyl jy besluit hoe om die gedagte of wenk vir die dag prakties deel van jou lewe te maak. Prys: R160,00 (BTW en posgeld ingesluit). Hierdie week beskikbaar.

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS